Anatomical Sciences

University of the Witwatersrand Johannesburg

School of Anatomical Sciences

7 York Rd, Parktown, 2193 • Telephone + 27 11 717 /2441/2309/2209/2213 • Facsimile + 27 11 717 2422

Beste Liggaamskenker,

Baie dankie vir u navraag. Ons het groot waardering vir u gewilligheid om u liggaam vir mediese ondderrig en mediese navorsing te skenk. U wens om u mede-mens op hierdie wyse te help is prysenswaardig en in die algemene publiek se belang.

Om te verseker dat 'n liggaamskenker se wens om hul liggaam vir onderrig- en navorsingsdoeleindes te skenk bewaarheid word, is dit nodig dat die skenker aan sekere wetlike vereistes voldoen. Die skenker mag sy of haar liggaam skenk indien hul Laaste Wil of kodisil (of 'n dokument in die teenwoordigheid van ten minste 2 bevoegde getuies geteken) hul wens sodanig spesifiseer. Die Laaste Wil, kodisil  of dokument moet die volgende voorwaarde bevat:

"Met my dood, sal my liggaam aan die Skool van Anatomiese Wetenskappe by die Mediese Skool (Fakulteit van Gesondheidswetenskappe) van die Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg geskenk word vir ondderrig en navorsing. Verder verlang ek dat met die beëindiging van hierdie prossesse, my oorskot op die Universiteit se koste veras sal word."

Lig asb u familie, regsadviseur, die eksekuteur van u boedel, u dokter, en u geestelike adviseur van u besluit in. Liggaamskenkers word sterk aanbeveel om hulle voornemes met hul respektiewe familielede te bespreek sodat hulle bewus is van u wens en sodat dit na u dood uitgevoer kan word. Voorsien asb die Skool van Anatomiese Wetenskappe van 'n kopie van die getekende Laaste Wil of kodisil  of dokument (deur uself en getuies), watter een ookal die geval mag wees, vir ons rekords.

Met die dood van 'n skenker, moet die eksekuteur van die boedel, dokter, geestelike adviseur of 'n familielid die Senior Tegniese Beampte van die Skool van Anatomiese Wetenskappe per telefoon (Phillip Legodi 011 717 2309 of Jacob Mekwa 011 717 2209), faks (011 717 2422) of per e-pos (Phillip Legodi: Phillip.Legodi@wits.ac.za of Jacob Mekwa:  Jacob.Mekwa@wits.ac.za) daarvan inlig. Indien die dood van 'n liggaamskenker na normale werksure (na 5nm of 17h00) of op 'n naweek plaasvind, kontak asb:

- Doves Begrafnisdienste, Begrafnisondernemers by Jorissenstraat no 10, Braamfontein, Johannesburg. Telefoonnommer: 011 339 5967

of

- Thom Kight and Company. Telefoonnommer: 011 837 5531

**N.B.  Ander begrafnisondernemers vra 'n fooi wat u self sal moet betaal.**

Hierdie firmas sal vervoer vir die liggaam na hul onderneming reël waarna die Skool die liggaam sal kollekteer. Die Universiteit, sal op eie onkoste, die liggaam na die Mediese Skool vervoer. As gevolg van die stygende koste ten opsigte van vervoer van 'n liggaam, kan die Universiteit nie liggaam van 'n persoon verder as ±300 kilometer vanaf die Mediese Skool aanvaar nie, tensy die familie bereid is om die vervoerkoste verder as 300km te dek. **Dit is ook nie moontlik om liggaamskenkings vanaf buite Suid-Afrika te aanvaar nie.**

**Spektrum van gebruik van geskenkte liggame**

Die gebruik van geskenkte liggaame hou spesifiek verband met ondderrig en navorsing van studente en mediese spesialiste in Gesondheidswetenskappe en Gesondheidsverwante rigtings. Ondderrig sluit disseksie van die liggaam in, asook moontlike skepping van geplastineerde –en natmonsters om die spesifieke anatomiese areas van belang to beklemtoon.

Met die huidige tegnologiese vooruitgang kan beelde (insluitend, maar nie beperk tot radiologiese, fotografiese en RT beelde) van spesifieke anatomiese areas aan die studente voorsien word. Disseksie videos kan ook gemaak word. Addisioneel hiertoe is sekere liggaamselemente geskik om gietsels en modelle van te maak (bv. Lateks-rubber strukture van bloedvate, 3D drukwerk van interne organe en beengietsels). Neem asb in gedagte dat geskenkte liggame met die grootste respek in die Skool behandel word en die anonimiteit van die individuele skenker sal nie in enige vorm of vir enige rede bekend gemaak word nie. Enige navorsing waarby die geskenkte liggame betrek word, moet eers deur die Kolleksie Kommittee van die Skool van Anatomiese Wetenskappe geëvauleer en goedgekeur word om te verseker dat die gebruik van die oorskot nie teenstrydig met enige etiese of wetlike aspekte is nie. Dit is belangrik om te daarop te let dat materiaal wat vanaf die skenker se oorskot gegenereer word, nie gebruik sal word, op enige manier ookal, vir finansiële gewin nie. Skenkers sal gevra word om op hul registrasievorms aan te dui of hulle toestemming gee dat hul oorskot na ander ondderrig instansies in Gauteng geneem mag word of om aan te dui of die skenker se oorskot spesifiek by die Universiteit van die Witwatersrand geberg en gebruik moet word.

**Kornea skenkings**

Skenkers onder die ouderdom van 70 jaar kan ook kies om hulle korneas vir kornea oorplantings te skenk. Dui asb u keuse op die registrasie vorm aan.

**Maksimum periode waartydens as van die skenker geberg sal word**

Afhangende van die wense van die skenker, sal die oorskot vir 'n onbepaalde of beperkte tyd in die Skool geberg word. Indien die skenker 'n beperkte tyd verkies, is daar 'n sekere spertyd afdwingbaar waarna die Skool van die oorskot ontslae moet raak. Die Skool sal die as slegs vir 'n tydperk van 5 jaar huisves en sal dit daarna vernietig Dit is die verantwoordelikheid van die spesifieke famielid, vriend of kollega van die skenker om te verseker dat hulle die as binne die 5 jaar periode by die skool kom afhaal. Dit is ook die verantwoordelikheid van hierdie individu om die Skool in kennis te stel van enige verandering van kontakbesonderhede voor of binne die 5 jaar periode.

**Uitsonderings**

Die Universiteit is gebonde aan sekere reëls wat die aanvaarding van menslike materiaal betref. Dit beteken dat, al is die liggaam geskenk aan die Universiteit, mag die Skool moontlik nie die liggaam aanvaar nie as gevolg van omstandighede soos hieronder uiteengesit.

Die uitsonderings is as volg:

1. Indien die skenker sterf as gevolg van 'n aanmeldbare siekte, soos bv.:
   - Hondsdolheid
   - Alle virale hemorragiese koorssiektes
   - Meningokokkale infeksies
   - Infektiewe hepatitis
   - Pessiekte
   - Waterpokkies
   - Rickettsioses
   - Verspreide tuberkulose

2. Ander moontlike uitsluitingskriteria:

- Fisiese toestand van die liggaam
- Onnatuurlike oorsake (bv. ballistiese trauma, motorongelukke of enige kriminele oorsake van dood)

Die Skool van Anatomiese Wetenskappe kan weens die wet nie sodanige liggame aanvaar nie (Department van Gesondheid se regulasies).

Dit is die praktyk van die Skool om die liggaam van die oorledene te ondersoek om te bepaal of die liggaam vir mediese opleiding, wetenskap en navorsing geskik is.
Indien ‘n liggaam as gevolg van bogenoemde uitsonderings nie geskik is nie en dus nie aanvaar kan word nie, sal die familie in kennis gestel word en die liggaam aan hulle terugbesorg word vir wegdoening.

Vind hiermee ingesluit twee kopieë van ‘n registrasievorm as ligaamskenker aan die Skool van Anatomiese Wetenskappe van hierdie Universiteit. Vul asb beide kopieë in indien u tevrede is en instem tot die vereistes soos hierbo genoem. Liaseer asb een kopie saam met u persoonlike dokumente en stuur die ander kopie saam met ‘n kopie van u Laaste Wil, kodisil of getekende dokument na die Hoof van die Skool van Anatomiese Wetenskappe by bogenoemde adres. Met ontvangs van u aansoek sal u naam en besonderhede in ons Liggaamskenkingsregister aangeteken word. ‘n Ontvangserkenning sal aan u adres, soos vermeld op u aansoekvorm, gestuur word.

Kontak gerus die Skool indien u enige verdere inligting verlang. Vir enige navrae en hulp, kontak

asb me. Faith Sambo per telefoon (011 717 2441) of per e-pos

(Faith.Sambo@wits.ac.za).

Met waardering aangaande u edelbare wens om na afsterwe diens vir u mede-mens te verrig,

Die uwe



Professor Maryna Steyn
Hoof: Skool van Anatomiese Wetenskappe